

8 November 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 40

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad
- Aanhangsel



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Teologie en die wetenskap

**Die tegnologiese vooruitgang, veral wat kommunikasie aanbetref, oor die laaste dekade het interessante uitdagings vir die kerk geskep. Daar is duisende Internetforums waar miljoene mense deelneem aan gesprekke oor onderwerpe wat vroeër nie buite akademiese kringe op groot skaal gevoer is nie. 'n Soektog op Google vir *Religion vs Atheism* lewer 17,4 miljoen resultate in 0,39 sekondes op.**

Mense aan alle kante van die geloofsgrense vat mekaar fel aan oor God, die Bybel, geloof en belydenis. Baie van die gesprekke openbaar 'n moedswilligheid, en die trant daarvan is spottend. Nadere ondersoek wys dat daar 'n kloof is wat bykans onoorkombaar lyk. Aan die een kant is rasionaliteit, en aan die ander kant is geloof. Albei kante het fanatiese bydraers wat die twee begrippe as uitsluitend beskou.

Gelowiges word deur die 'rasionele' kamp gebrandmerk as irrasioneel. Daar word in abolutes geredeneer, en mitevorming vind plaas. Die 'rasioneles' skeep 'n mitiese gelowige wat glo die wêreld is letterlik in ses dae geskape en die aarde is ongeveer 6 000 jaar oud. Hy glo ook dat Bileal se donkie regtig gepraat het, dat Jona in 'n vis se maag was, en dat ons nou Openbaring se eindtye betree. Die mitologiese trekke van die voorgeskiedenis in Genesis word voorgehou as 'n bewys dat God nie bestaan nie, en dat gelowiges nie oor rede beskik nie. Dis alles of niks.

Die ekstremistiese eksponente aan die geloofskant van die kloof is net so fanaties. Hulle bevestig ironies genoeg met hul optrede die mitiese karikatuur van gelowiges wat deur ongelowiges geskep is. Hulle teiken egter self nie ongelowiges nie, maar wel gelowiges wat nie in die karikatuur pas nie. Indien jy nie in absolutes dink nie, is jy nie 'n gelowige nie, en behoort jy die eerbare ding te doen, die kerk te verlaat en te erken dat jy eintlik nog al die jare 'n ateïs is! Per definisie is teoloë wat die Bybel wetenskaplik bestudeer dus liberaal, 'n bedreiging vir ware geloof, en ondermyn hulle God se wil.

Skrifbeskouing staan sentraal in hierdie hele debat tussen rede en geloof. Albei kante se ekstremistiese stemme het min of geen insig in die ontstaansgeskiedenis en aard van die Bybelse geskrifte. Fundamentalistiese gelowiges beskou die Bybel letter vir letter as Woord van God. Bitter min van hulle is byvoorbeeld bewus van verskillende skeppingsverhale in Genesis 1 en 2, teenstrydige teologiese interpretasies in Samuel en Kronieke oor Dawid se sensus van Israel, en teenstrydighede in die beskrywings van die vier Evangelies. Dié kinderlike Skrifbeskouing word skerp deur 'rasioneles' aangeval, en daar word verkeerdelik aangeneem dat dit die gemiddelde Christen verteenwoordig.

Is dit realisties? Die kerk se lidmate kom uit verskillende leefwêreldes. Daar is dokters, ingenieurs, skrywers, ambagsmanne, onderwysers, ouditeure, klerke, entrepreneurs, bioloë, wetenskaplikes en nog vele meer. Talle van ons lidmate is kundiges op die terrein van evolusie en die natuurwetenskappe. Hul Skrifbeskouing maak ruimte vir rede én geloof. Hulle pas eenvoudig nie in die mitiese karikatuur van 'n gelowige wat deur die twee fanatiese kante van die debat aan die lewe gehou word nie.

Geloof is vir 'n groot deel van die kerk nie bloot die 'vir-waar-hou' van dogmatiese proposisies nie, maar eerder 'n worsteling met die lewe, 'n soeke na en najaag van sin en vertroue in God as gewer van lewe. God se bestaan is nie beperk tot die blaaie van die Bybel nie. Soos 'n Jakob van ouds worstel gelowiges daagliks met die lewe en met God. Hulle span soos vele karakters in die Bybel hul rede in om sin te maak van hul wêreld. Die vele teologiese perspektiewe, ook die teenstrydiges, is alles neerslae van mense wat probeer sin maak van die wêreld en van God se betrokkenheid in ons lewens.

Die koddige mitiese gelowige wat deur die twee ekstremistiese kampe in stand gehou word, is nie verteenwoordigend van ons Kerk se mense nie en maak 'n bespotting van die Christelike geloof.

**Ds Ockie van Schalkwyk**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

### Vakante standplaas

- **Gemeente Pretoria-Noord** beplan om eersdaags te beroep, en wag aansoeke in van predikante wat in **deelydse** hoedanigheid in die gemeente kan werk en kan help dat die gemeente 'n **deelsorgstandplaas** kan onderhou. Die gemeente bestaan uit 242 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van verantwoordelikhede is onderhandelbaar in die lig van die beperkinge van die deelydse standplaas. Inligting oor die gemeente en die versorgingspakket is beskikbaar op aanvraag. Navrae kan gerig word aan Erica du Toit by 012 546 6445, en CV's kan gestuur word na [wim@slabbertpractice.co.za](mailto:wim@slabbertpractice.co.za). Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2013**.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).



Ds Danie Malan

- **Ds Danie Malan**, deelydse predikant van Gemeente Johannesburg en personeellid van UP se Merensky-biblioteek, is verkies tot visevoorsitter vir Biblioteek- en Inligtingkunde se professionele vereniging in Gauteng-Noord, LIASA (Library and Information Association of South Africa).
- **Ds Faan Visser** (siekte-emeritaat) het die afgelope week met onmiddellike effek as predikant van die Kerk bedank. Hy verloor dus so alle ampsvoorregte in die Hervormde Kerk.
- **Dr Hennie van Deventer** berig soos volg oor die pas afgelope **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante**: "Dit was 'n voorreg om die laaste VTT van die jaar op 6 en 7 November by te woon. Die tema was *Diakonale missionaat*, en die toerusting is teoreties beredeneer met 'n duidelike praktiese gerigtheid. Dit was verfrissend om na byna al die huidige teologiese dosente (dekaan ingesluit) te kon luister, en ek is getref deur die weldeurdagte beredenering van die verskillende aspekte van die diakonaat vanuit verskillende werksvelde. Die predikante kon so 'n nuwe en vars perspektief op die Kerk se diakonaat bekom. Die inhoud van hierdie VTT-kursus is onontbeerlik vir die uitvoering van die Kerk se diakonale opdrag."
- Die verskillende **hospitale van Pretoria** is ingedeel by verskillende gemeentes van die Kerk om besoek af te lê by lidmate van gemeentes wat ver van die hospitaal geleë is. Met die indeling is **Wilgers-hospitaal** aan Gemeente Meyerspark toegedeel – 'n opdrag wat hulle tot kort gelede goed hanteer het. Aangesien Meyerspark hul bande met die Hervormde Kerk verbreek het, geld ander reëlins nou. **Ds Steve Oxton** en **Gemeente Silverton** sal voortaan lidmate van die Kerk by Wilgers besoek. Kontak ds Oxton by [oxton.steve@gmail.com](mailto:oxton.steve@gmail.com), 012 804 0796 of 084 589 1306 met inligting oor Hervormde lidmate in dié hospitaal.
- **Haelskade aan die Oos-Rand**. Dit is skrikwekkend om te dink dat in net vyf minute mense se lewens drasties verander het. Op Saterdag 20 Oktober net na 14:00 die middag het 'n verwoestende haelstorm huise se vensters en dakke stukkend geslaan en motors erg beskadig. By die laerskool is 150 ruite gebreek, by die hoërskool 60. **Gemeente Primrose-Oos** het 'n halfmiljoen rand se skade aan die gebou. Gelukkig het hulle versekering om die skade te herstel! Maar almal



Ds Steve Oxton

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za) gestuur word.



is nie so gelukkig nie. Party het nie versekering nie. Sommige het nie geld vir die bybetalings nie. Daar word bereken dat daar tussen R500 miljoen en 'n biljoen rand se skade is. In hierdie ramp sien ons egter die dienskarakter van gemeentes – Primrose-Oos het besluit om 'n **rampfonds** te stig om mense te help wat nie die geld het om die skade wat die haelstorm gebring het, te herstel nie. Die Kommissie van die ADV wil vir hierdie gemeente se inisiatief opreg dankie sê, en hulle ook daarin ondersteun. Die ADV beskik ook oor 'n rampfonds, maar die fonds is nie sterk genoeg om almal te kan help nie. Daarom wil ons graag gemeentes, lidmate, besighede en ander individue vra om hierdie mense by te staan deur 'n bydrae tot hierdie rampfonds te maak. Enige bydrae sal help. Betaal bydraes asseblief in die volgende rekening in: **Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; verwysing: 16RAMP + gemeentenaam (moenie NHK uitskryf nie)**. Stuur bewys van betaling aan Sarie Roux, faks 086 633 2913 of [kassier@nhk.co.za](mailto:kassier@nhk.co.za). En doen asseblief saam met ons voorbeding vir almal wat getraumatiseer is, seergeky het en skade gely het.

- Diakens, die NHSV en lidmate kan oorweeg om aan **Die Ondersteuningsraad** se **kospakkieprojek** deel te neem, en so te help om dié wat minder het se lewens hierdie Kersfees 'n bietjie beter te maak. Kontak Judith by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4 of [oraadpretoria@nhk.co.za](mailto:oraadpretoria@nhk.co.za) oor die inhoud en vir die inhandiging/afhaal van die produkte. 'n **Standaard-kospakkie** bestaan uit niebederfbare produkte soos blikkieskos, koffie, tee, suiker, konfyt, kookolie, rys, pasta, soppoeier, mieliemeel, koekmeel, waspoeier en gesigseep. Die Raad wil ook konsentreer op **kinders**, en vra dus dat vir hulle byvoorbeeld aartappelskyfies, lekkernye en koeldrank in die kospakkies geplaas word, asook enigiets anders wat die pakkie spesiaal sal maak vir 'n kind.
- **Van Rensburgtehuis** in Danville, Pretoria, versorg 113 **verswakte bejaardes en gestremde persone**, waarvan 46 persone Alzheimersiekte of ander demensie het. Die tehuis is vir baie van die inwoners hul enigste huis, en van hulle het nie familie nie, of is deur hulle vergeet. Daar is drie afdelings in die tehuis, vir dié wat semi-onafhanklik is, totaal afhanklik van die personeel, en dan dié met Alzheimers en demensie. By Van Rensburg word gepoog om soveel moontlik vir die inwoners te doen by die tehuis, aangesien hulle nie almal meer iewers heen kan gaan nie. In **November** met hul jaareindfunksie wil die personeel dié mense 'n bietjie bederf. Die inwoners weet nie altyd wat om te doen as hulle 'n groot sak met 'n klomp items kry nie, veral omdat van hulle byvoorbeeld nie meer self room kan smeer of lyfsproei kan gebruik nie. Hulle is egter gek oor soetgoed, koek en koeldrank. Dit werk lekker as elkeen 'n **pakkie eetgoed** kry wat hulle daar en dan kan eet en geniet. Daar is ook 'n **groot behoefte** aan die volgende items: aquaroom; kniehoogtekouse; weggoobare skeermesse; snesies; vrouedeodorant; tandepasta; batterye. Kontak die tehuis by 012 386 5730 of 012 386 1201 as u op enige manier betrokke wil raak of enige bydrae wil lewer.
- Daar is die afgelope week nog artikels op **Die Hervormer se webblad** by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) onder **Teologiese gesprek** geplaas: **Dr Jaco Beyers** (UP) bespreek Wim Dekker se Nederlandse boek *Marginaal en missionair*. **Dr Piet Boshoff** skryf oor die oorsprong van die Christelike belydenisse onder die opskrif *Nog mymering van 'n bemiddelaar*. **Prof Natie van Wyk** se voordrag by die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap op Hervormingsdag is getitel *Die God van die eerste gebod in die Heidelbergse Kategismus – teen die verstaanshorison van Melanchton en Ursinus*. **Prof Andries van Aarde** het, ook op Hervormingsdag, by die Hervormde Teologiese Kollege gepraat oor *Fatherless in Galilee* – 'n outobiografiese refleksie. Lesers wat self aan die teologiese gesprek wil deelneem, kan bydraes aan die redakteur, dr André Ungerer, stuur by [andreung@telkomsa.net](mailto:andreung@telkomsa.net).
- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul byeenkoms op **Vrydag 23 November** om 10:00 vir 10:30 by die kerkentrum van Gemeente



Montana. **Antwoord** asseblief op die laatste **teen Saterdag 17 November** by Johanna Steyn: 012 348 2932 of 082 7493071; of Hendrien Naudé: 018 290 9460 of 083 722 3653.



- Die **Bybelgenootskap van Namibië** se finansiële boekjaar sluit op **31 Desember**. Gemeentes in die **ring van Dorsland** word vriendelik versoek om hul bydraes aan die Bybelgenootskap **teen einde Desember** oor te betaal. Die deurkollekes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetalings word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die AKV is R35 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekening nommer 113 125 2201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur 'n e-pos na **gensec@nambible.org.na**.
- **Gemeente Rustenburg-Suid** het die laaste naweek van Oktober 'n **muntslegging** vir **Bybelverspreiding** gehou en R9 800 ingesamel. Hulle het onder andere die logo van die Bybelgenootskap gebruik vir die muntslegging.
- **Aanvraag vir navorsingsinligting in die Kerkargief**. In openbare argiewe word meestal aansoekvorms vir toegang tot argiefstukke ingevul. In die verlede is sulke versoeke nie skriftelik hanteer nie. 'n Aansoekvorm het verskeie voordele, soos om die Kerkargief en inbewaargewers (byvoorbeeld kerkrade) te beskerm en inligting meer effektief te onttrek. Veral in die lig van landswette wat die afgelope jare verander het rondom **toegang tot inligting en privaatheid**, het dit nodig geword. 'n Aansoekvorm vir aanvraag van primêre dokumente (argiefstukke) is opgestel en goedgekeur. Die vorm verskyn op die webwerf van die Kerk, **www.nhka.org** → So werk ons → Kerklike argief, en is ook op aanvraag by die argivaris verkrygbaar, by **argief@nhk.co.za**. Dit is nodig om hierdie vorm in te vul alvorens toegang tot argiefstukke verkry kan word. In die geval van meer resente inligting mag dit vir die argivaris nodig wees om toestemming van byvoorbeeld 'n kerkraad of komitee te verkry. Dit is daarom **raadsaam om vooraf** die aansoek in te dien. Die Argiefwet bepaal byvoorbeeld dat dokumente jonger as 20 jaar geslote kan wees en toestemming van 'n kerkraad verkry moet word. Andersyds kan dokumente ouer as 20 jaar wat deur die Argiefwet openbaar gemaak word, moontlik geslote wees omdat dit byvoorbeeld privaatheid mag skend. Ander dokumente is weer glad nie van 'n bepaalde tydperk van openbaarmaking afhanklik nie, soos die Kerk se standpunt oor die belydenis wat altyd beskikbaar is en aangevra kan word. Die vorm word nie gebruik ten opsigte van sekondêre/gepubliseerde materiaal soos boeke en tydskrifte in die Kerkbiblioteek nie.
- **NHSV: Beurse en lenings vir 2013**. Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitse Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by die NHSV se nuwe webadres, **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro-forma dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2012**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie**.
- **Gemeente Stellenbosch** nooi alle voornemende (en huidige) Maties na hul **Aanvangskamp** van Saterdag 19 Januarie tot Dinsdag 22 Januarie 2013. Kamp saam en deel in al die pret en vrolikheid, maak nuwe vriende en dink op geestelike vlak saam oor dit wat wag. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za** vir verdere besonderhede.
- Die besending **Kerkbybels** wat teen net R100 elk beskikbaar was, is **uitverkoop**, maar SENTIK bied nou 'n verdere hoeveelheid aan teen **R140 elk** (posgeld



uitgesluit), solank die voorraad hou. Vanaf 1 Januarie 2013 sal die Kerkbybel weer teen R200 (posgeld uitgesluit) verkoop word. Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhkdullstroom@yahoo.com).

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Sasolburg: Sondag 11 November om 09:00 Erediens en Nagmaal met gebaretaal**  
Gelei deur ds Jan-Harm Barkhuizen van Gemeente Weskus  
Met vorige uitreik is 11 kopieë van die Bybel vir almal (Bybel vir dowes) aan dowes en hardhorendes geskenk  
Alle gehoorgestremdes word uitgenooi na die erediens  
Navrae aan Mardi of Schalk Jacobs by 083 233 3837 of 083 236 3663



**Gemeente Ogies is 60 jaar oud!**

Om dit te herdenk, word 'n feesnaweek beplan vir 16 tot 18 November 2012  
Gemeentelede en alle belangstellendes kom op die kerkterrein kamp

Vrydagaand 18:30 Mathys Roets – toegang gratis  
Saterdag 19:00 Kerssangdiens  
Sondag 09:30 Nagmaal  
Alle oudlidmate en -predikante welkom om saam hierdie mylpaal te kom herdenk  
Vir meer inligting, skakel ds Robby Pienaar by 083 457 5956 of Ivan Enslin by 082 386 2500 of Louwtjie Joubert by 082 492 3837

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember om 18:00**  
Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe, waar die Geloofte die eerste keer afgelê is  
Kliplegging na die diens  
Bring 'n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente  
Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815  
[pieterbester@telkomsa.net](mailto:pieterbester@telkomsa.net)

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 November, en word hartlik geluk gewens.**
  - Vrydag 9 November: Ds Hannes Wolmarans (Secunda)
  - Sondag 11 November: Di Adriaan Roets (Swartkop) en Kobus van der Merwe (beroepafwagting)
  - Dinsdag 13 November: Ds Innes Benadé (Outeniqua)
  - Woensdag 14 November: Ds Nicolaas Steenekamp (Middelburg)
  - Donderdag 15 November: Di Hannes Janse van Rensburg (Zuurfontein), Francois Labuschagne (emeritus) en Pieter Pretorius (emeritus)
  - Vrydag 16 November: Ds Casper du Plessis (Hennenman/Odendaalsrus) en dr Wian Kloppers (Sinodaal)

## Beplande vergaderings

- Donderdag 8 November: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 November: Kommissie van die AKV
- Saterdag 10 November: Kommissie van die ADV
- Dinsdag 13 November: Kuratorium
- Woensdag 14 November: Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 15 November: Komitee vir Bybelverspreiding
- Vrydag 16 November: Finkom van Die Ondersteuningsraad

## Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**  
**Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes**  
Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - o 24-uur mediese versorging
  - o 3 maaltye per dag
  - o Sekuriteit
  - o Gereelde sosiale aktiwiteiteVir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623  
Aansoekvorms kan afgetrek word van [www.otmt.org](http://www.otmt.org)  
of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

**Studentewoonstel te koop in Pretoria**

- \* Veilige omheining en parkering
- \* Volledig toegerus
- \* Loopafstand vanaf Universiteit van Pretoria en winkelsentrum

Kontak Magda 082 979 4446

## Konserte en feeste

- **Sondag 18 November 15:00 tot 17:00: Gemeente Johannesburg-Wes Katedraal** – orreluitvoering wat vol sale by KKNK getrek het Ockie Vermeulen, befaamde orrelis en kurator van UNISA se orrel Ander gaskunstenaars  
Tenbystraat-Suid 15A, Westdene, Johannesburg  
R100 per persoon  
Kontak Johann by 011 888 9190 of 082 628 6077
- **Saterdag 1 Desember: Gemeentes Randfontein Midpark en Carletonville**  
Gesamentlike musiekfees met Adam Tas, Gerhard Steyn en Hennie Jacobs  
R100 per persoon  
Jan Viljoen-sportgronde  
Hekke open 16:00 vir 18:00  
Kontak Belinda Nigrini by 079 068 8739 of Hester Esterhuizen by 083 592 4358  
Kaartjies ook by [www.iTickets.co.za](http://www.iTickets.co.za)

## Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013**  
Mopani Lodge, net buite Pretoria  
Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé  
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)  
Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of [janapeenze@vodamail.co.za](mailto:janapeenze@vodamail.co.za)  
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of [stef1@absamail.co.za](mailto:stef1@absamail.co.za)

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 10 November: Gemeente Bronkhorstspuit: Hengelkompetisie**  
Vlooikopdam  
R100 per hengelaar met 2 stokke  
Eerste prys: Slagos  
Nog groot pryse  
Navrae aan Frans le Roux by 082 8921325  
of Agom Prinsloo by 072 345 2025
- **Vrydag 23 November: Gemeente Vaalpark: Gholfdag**  
12de jaar!  
Emfuleni-gholfbaan, Vanderbijlpark  
R1 400 per 4-bal (sluit in baanfooie en aandete)  
Spelers wat onder die eerste 30 eindig (hoogste punte), kwalifiseer vir 'n prys  
Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455

## Kompetisies en fondsinsamelings

**GEMEENTES HARTBEEFONTEIN EN GERDAU: FONDSINSAMELING**

Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery  
Geleentheid om R50 000 in te samel  
Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie  
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000  
50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd  
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!  
Trekking in Oktober 2013  
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeefontein  
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of [barrypret@lantic.net](mailto:barrypret@lantic.net)  
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**  
Dra by tot die gemeente se boufonds  
SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by  
Fondse word gebruik om die geboue te herstel  
Meer as een SMS is baie welkom  
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158
- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**  
Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*  
Tema: *In sy voetspore*  
Reëls en voorwaardes geld  
Goeie pryse met professionele beoordeling  
Kontak Theresa Oosthuizen by [theresa@northernfoods.co.za](mailto:theresa@northernfoods.co.za)



- **Die Christelike Vrou: Fotokompetisie**  
Oupas, oumas en kleinkinders  
Fokus op interaksie tussen generasies  
Slegs elektroniese inskrywings, geen inskrywingsfooi  
Stuur elke foto apart na [DieChristelikeVrou@gmail.com](mailto:DieChristelikeVrou@gmail.com)  
Noem fotograaf se naam, alle kontakbesonderhede, inligting oor foto  
Kontak ds Hannelie Botha by 082 923 9439 of [hbotha@bvm.gov.za](mailto:hbotha@bvm.gov.za)

## Basaars en markte

- **Saterdag 24 November: Gemeente Warmbad: NHSV Kersmark**  
By die kerksaal van 08:00 tot 11:00  
Boere-ontbyt, koek- en kothuisstalletjies  
Vars groente en boerewors  
Vir meer besonderhede kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943  
of [thysan@telkomsa.net](mailto:thysan@telkomsa.net)
- **Saterdag 1 Desember: Gemeente Rustenburg: Gesinsmark**  
09:00 tot 15:00  
By tweede kerkterrein te Rhenosterfontein, buite Rustenburg  
Slegs handgemaakte produkte, vars produkte uit die grond  
en items wat Trots Suid-Afrikaans is  
Gaskunstenaars, aktiwiteite en stalletjies wat kinders betrek  
Nog enkele stalletjies beskikbaar  
Vir meer besonderhede, kontak Mari by 084 208 7445
- **Saterdag 1 Desember: Gemeente Ventersdorp: Minibasaar**  
09:00 tot 14:00  
Baie vleis vir die Kersvakansie  
Veel te eet en drink  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245  
of ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960 of 018 264 2236
- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie 2013: Gemeente Nelspruit  
Maroela-karnaval 2013**  
Vrydag 14:00 tot 22:00  
Saterdag 08:00 tot 22:00  
Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit  
R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)  
Navrae en kaartjies: 013 741 1455

## ANDER NUUS

- **Transoranje-skool vir Dowes: Kersmark  
23 November tot 2 Desember**  
Tshwane Events Centre, Saal L, ingang hek P8 in Kerkstraat  
Gratis toegang, kaartfasiliteite, 300 uitstallers, teetuin  
Fondse ten bate van die kind met doofheid  
Navrae aan 012 386 6072 / 5
- **Beeld-Kinderfonds: KERKONSERT  
Woensdag 28 November**  
Moreletapark-gemeente  
Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander  
**Kaartjies R75, R100 en R150**  
Bespreek by [iTickets.co.za](http://iTickets.co.za) of per telefoon by 086 100 0291  
**Ete vooraf teen R115 – bespreek by [info@beeldkinderfonds.co.za](mailto:info@beeldkinderfonds.co.za)  
of 073 749 2697**



## FirstForex

Makelaars vir buitelandse valuta en internasionale handel  
Ons help om invoerders en uitvoerders meer kompetend te maak

### Hoekom FirstForex?

- Goeie buitelandsevalutakoerse
- Direkte toegang tot ons handelskamer
- Alle korrespondensie met die bank word deur ons gedoen
- Lae enkelfooï per transaksie
- Vry gebruik van ons Web FX handel-, monitering- en administrasiesisteen

### Met FirstForex is daar:

- Geen kontrakte om te teken nie
- Geen verpligting om aanhoudend deur ons handel te dryf nie
- Geen fakture want ons sal nooit betaling van die maatskappy ontvang nie

herman@firstforex.co.za  
083 700 8076

## • STEEDS BESKIKBAAR!

### Vakatures vir onderwysposte

Privaatskool met 210 leerlinge

100 km noord vanaf Polokwane, Alldays-rigting

1. Onderwyser in Engels (Tweede Taal) grade 8-12
2. Onderwyser in Wiskunde

Basiese onderwyskwalifikasies – Wiskunde vir graad 12

### Aanvangsdatum: Januarie 2013

Posvereistes:

- Erkende onderwyskwalifikasie noodsaaklik; matriekondervinding sal voordeel wees
- Bewese ondervinding in aanbidding van die vakke
- Beginselvaste, belydende lidmaat van een van dié 4 Kerke: Hervormd, Gereformeerd, NG, APK
- Getuigskrif van predikant
- Onderrig in Afrikaans

Verblyfeenhede op perseel vir gebruik van personeel

Wanneer alle eenhede vol is, sal ander verblyf gereël word

Stuur CV en getuigskrif van predikant na [global@workforceworldwide.com](mailto:global@workforceworldwide.com)

Navrae aan Janet Lourens van Workforce Worldwide by 011 532 0000

**Sonja Smith**  
**BEGRAFNISGROEP**

(EDMS) BPK  
200 5/044567/07

„ 'n Sagte hand  
in die seerste tyd... „

079 895 4414 24/7  
[www.sonjasmith-funerals.co.za](http://www.sonjasmith-funerals.co.za)

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks van ongeveer 110 woorde (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die



uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Adverteerders moet asseblief daarvan kennis neem dat die **laaste uitgawe van die e-Hervormer vanjaar op Donderdag 29 November** verskyn, en die **eerste uitgawe van 2013 op Donderdag 17 Januarie**.

## KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na [www.nhka.org](http://www.nhka.org) → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Dankie aan lidmate wat vir ons bid. Ek is deel van 'n gemeente wat hard getref is deur die kerkskeuring. Dis moeilik en eensaam as jy agterbly, veral waar die geboue ook van ons vervreem is. Opregte dank aan elke predikant en konsulent wat ons help met eredienste. Ons wankel, ons is uitgeworpe aan elke aanval van die buitewêreld, maar deur te glo in God as ons Verlosser, maak dit dat ons die stryd aansê. Ons bid vir die gemeentes wat deur dieselfde aanslae getref word. Besondere dank aan di Peet Esterhuizen en Chris Liebenberg vir die bystand.”

**Mienie de Beer, Gemeente Grootvlei**

“Dr Wouter van Wyk, ek neem aanstoot dat u na steeds Hervormers as sektaries verwys. Ek voel vreemd in my Kerk, en moet luister na oppervlakkige sedeprekies wat vir lui predikante voorberei word. Ek hoor van emosies wat predikante ervaar deur 'n Nagmaal sonder formuliere. Wat van openhartige gesprek in plaas van die meerderwaardigheid wat u openbaar? Wat is die inhoud van die teologiestudente se kurrikulum? Verseker ons die dosente wyk nie af van die Kerk se belydenis nie. Kweek in Praktiese Teologie 'n eenvormige styl in die Kerk sodat lidmate kan weet hulle is nie in die AGS nie.” (*Bydrae verkort*)

**Charlotte Vlok**

Daar is tans 'n buitengewone oplewing in intekenings op die *e-Hervormer*. Indien u weet van lidmate of ander persone wat ook ons weeklikse nuusbrief wil ontvang, kan u hul e-posadresse stuur aan mev Karen Breedt by [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za). Bly saam op die hoogte van gebeure in die Hervormde Kerk.

# AGTERBLAD

## Verdagmaking van die nuwe Bybelvertaling



Ds Gerrit Kritzinger

Hierdie skrywe is ontvang van ds Gerrit Kritzinger, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

'n Vergadering van die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) (KABA) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het op 30 Oktober plaasgevind. Vyftien kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, was teenwoordig. Die vergadering het kennis geneem van die verdagmaking en pogings om die Bybel: 'n Direkte Vertaling, wat tans deur die Bybelgenootskap op versoek van die kerke vertaal word, by voorbaat in diskrediet te bring.

Die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) het eenparig die volgende besluit aanvaar:

### Die vergadering

1. vind dit baie jammer dat pogings aangewend word om die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) verdag te maak en by voorbaat in diskrediet te bring op grond van die manier waarop tekste in die Ou Testament, wat in die Nuwe Testament as Messiaans aangedui word, weergegee word en distansieer hom van al sodanige pogings;
2. bely onomwonde, saam met die hele vertaalspan en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), die Godheid van Christus en sy verlossingswerk;
3. betuig sy dank teenoor die BSA vir die besluit dat 'n tweede uitgawe van die vertaling (soos versoek deur sommige kerkgenootskappe) goedgekeur word waar hoofletters gebruik sal word in Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament as Messiaans aangedui word;
4. versoek kerkgenootskappe om hul lidmate bewus te maak van die BDV en die webblad [www.nuwekerkbybel.co.za](http://www.nuwekerkbybel.co.za) onder hul aandag te bring;
5. verseker die vertaalspanne en redaksionele komitees van hul voorbidding vir die vertaling van die BDV; en
6. bedank die BSA vir die wyse waarop hulle die saak met betrekking tot die verdagmaking van die BDV hanteer.

Ons vertrou dat hierdie duidelike besluit verder sal bydra om kerkgenootskappe, kerke en lidmate gerus te stel ten opsigte van die integriteit en geloofsoortuiging van die vertaalspan en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika met betrekking tot die vertaling wat tans gedoen word.

Vanweë die feit dat die oorgrote meerderheid kerkgenootskappe wat Afrikaans as voertaal gebruik by hierdie vertaling betrokke is, vertrou ons dat die vertaling instrumenteel sal wees om die Kerk en Koninkryk baie wyd te dien en dat dit duidelik en helder die Goeie Nuus sal oordra *sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê* (Joh 20: 1).

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In navolging van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag:

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

**DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK**

**SENIOR LEKTOR/MEDEPROFESSOR/PROFESSOR**

**(EEN POS) (Verw. 20979)**

Hiermee word bekend gemaak dat 'n permanent-voltydse vakature ontstaan het in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die pos moet ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) deur 'n predikant van hierdie Kerk gevul word.

**Pligte:** Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in, maar is nie beperk nie, tot: •Voor- en nagraadse onderrig in Dogmatiek en Christelike Etiek •Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos vasgestel deur die Fakulteit Teologie •Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie sowel as werksaamhede van die Departement.

**Minimum vereistes:** Die minimum kwalifikasie vir alle vlakke van aanstelling is 'n doktorsgraad in Dogmatiek en Christelike Etiek, of minstens in 'n gevorderde stadium van die voltooiing daarvan. Die posvlak sal bepaal word na aanleiding van die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding tot 'n bepaalde posvlak: **Senior Lektor:** •Bewese belangstelling in Dogmatiek en Christelike Etiek (wat duidelik blyk uit die onderwerp van die proefskrif en ander wetenskaplike publikasies) •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente. **Medeprofessor:** •Ten minste drie jaar onderrigondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre instansie •'n Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Dogmatiek en Christelike Etiek •Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente tot op doktorale vlak. **Professor:** •Ten minste vyf jaar onderrigondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre instansie •Gepubliseerde navorsing en eweknie-beoordeelde publikasies in nasionaal en internasionaal geakkrediteerde tydskrifte •Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente op magister en doktorale vlak.

**Navrae: Prof J Buitendag, tel. (012) 420 2322.**

**Aanzoekers word versoek om die elektroniese aansoek te voltooi deur die Careers@UP-skakel te volg op die UP-webwerf: [www.up.ac.za](http://www.up.ac.za)**

**Aanzoekers word versoek om die volgende dokumentasie ter staving van hulle aansoeke te verskaf:**

•'n Omvattende CV op UP formaat •gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies •die name, e-posadresse en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak •die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing) •selfevaluering..

**SLUITINGSDATUM:** 15 Desember 2012.

**Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.**



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihalefi

**[www.up.ac.za](http://www.up.ac.za) skakel: Careers@UP**

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.